


# WEEK 5

## KERNGEDAGTE: Ek het om te gee.

Tydens week 5 van ons Volg reeks, leer ons meer oor wat dit is om te gee en kinders besef ook dat hulle baie het om te gee. Hulle kan deel en gee aan ander, asook hulle tyd, talente en skatte. God het ons alles gegee, nie om dit vir onsself te hou nie, maar om dit uit te leef vir Sy doel. Kinders weet nou ook dat hulle 'n belangrike deel is van iets heel groter en om alles wat God aan hulle gegee het, te gebruik vir Sy Koninkryk.

Soos Hand: 20:35 sê – Om te gee, bring 'n baie groter seën as om te ontvang. (TPT)

Kinders moet ook kan sien dat God 'n groot deel van hul ouers se lewens is, deur die tyd, talente en skatte wat julle gee. Dit sal baie gou tweede natuur word om te praat oor wat dit is om op hierdie manier vir God te leef en dit sal oorloop in al julle verhoudinge met mense. Dit is die seëninge wat deur "gee" gebring word, asook om 'n seën vir ander te wees.

Mag elkeen van julle uit elke belewenis leer en ervaar wat dit is om 'n lewe te leef van gee, net soos Jesus.

# FAMILIE TYD!

## Aktiwiteit:

Wees ‘n “Spioen” familie hierdie week en kyk op watter maniere julle kan help, waar hulp nodig is in die huis, by die skool/werk of by die kerk. Almal kan hulle eie klein notaboek en pen byderhand hou, om neer te skryf wat hulle elke dag waarneem.  Aan die einde van die dag kan almal met mekaar deel wat hulle waargeneem het en praat oor hoe hulle kan help of hoe hulle gehelp het en hoe julle as ‘n familie, ‘n seën kan wees vir iemand anders.

Die doel hiervan is om julle kinders te help om die vreuge te ervaar, wat ‘n mens kry, deur aan ander te gee, asook om ‘n vrygewige gesindheid by hulle te aktiveer. Vir ‘n kind om noodgedwonge te voel om ander te help, moet hulle eerstens besef dat hulle hulp soms nodig is, en dit sal hulle bewus maak van ander se behoeftes.

# PRAAT DAAROOR

- Praat oor almal in die familie se vaardigehede en talente.
- Deel idees oor hoe, wanneer, and waar julle jul talente kan gebruik.

**Wenke om vaardighede te ontwikkel:**

1. Onthou beide foute en suksesse is goeie leermeesters.
2. Dit is ook goed om leersaam te wees deur na mekaar te luister en om van mekaar te leer, dan hoef ons nie op die harde manier te leer nie.

Lees en praat oor wat julle geleer het: Filippense 3:12-14

Lees en praat oor wat julle geleer het: Spreuke 19:20; Spreuke 1:8

## Vrae:

- Hoe gebruik God dit wat ons het om ons gawes en talente te ontwikkel?
- Hoe kan jy meer leer en groei met dit wat jy reeds het?

## Familie Gebeds Tyd:

- Maak beurte om te bid en vir Pappa God dankie te sê vir alles wat elkeen het, gawes en talente.
- Vra die Heilige Gees om julle te wys, hoe om julle talente te gebruik om Jesus te eer en te dien.

(Moedig mekaar aan om stil te word en te hoor hoe en waar om daardie gawes en vaardighede, tot eer van Jesus te gebruik).